

Sussex-teellyn wys sy staal



“GA07-103 is baie vroulik, het nog nooit oorgeslaan nie en was ook nog nooit siek nie,” sê James. Haar TKP is ’n uitstekende 379 dae.

James beskryf haar verder as ’n koei met ’n goeie lengte en ’n mooi wigvorm wat tekenend van onder meer vrugbaarheid en geboortegemak is. Haar verskalwers toon dieselfde goeie wigvorm.

Sy is in 2007 gebore en is ’n dogter van die beroemde bul Steeltrain, wat sy stempel deeglik in die Sussexras afgedruk het.

HOONGLIGGENDE SUURVELD

Die streek word deur goeie reënval en baie koue winters gekenmerk en word as hooggeleë suurveld beskryf. Die oorheersende grassoort is rooigras. James volg ’n gemiddelde veebelading van 3,5 ha per grootvee-eenheid (GVE).

Omdat die veld so suur in die winter is en nie genoeg voedingskrag het nie, verskaf James aanvullende voeding in die winter. Hy plant ’n soetvoersorghum wat as staande hooi dien nadat dit doodgeryp het om die voedingsgaping tussen herfs en die harde wintermaande (Junie tot middel Julie) te vul. Wanneer dié weiding op is, verskaf hy tot middel November eragrostishooi. Die beste bly 90% van die tyd op die veld.

“As jy nie vir jou koeie hooi in die winter gee nie, kom hulle taamlik maer uit die winter en dit benadeel die dragtigheidsyfer,” sê James. Die hooi is betreklik duur, maar finansiële moeite werd mits hy twee ronddebale per koei voer.

Lekke bestaan uit Saamstaan Voere van Vrede se sout-en-fosfaatlekk in die somer en daarna ’n winterlekk wat onder meer proteïen en ureum bevat, wat noodsaaklik vir die koue winters is.

DIEREGESONDHEID

“Een van die voordele van Vrede en Warden is die minder bosluise vergeleke met ander dele van die land,” verduidelik hy. Die bekampings van inwendige parasiete is gevolglik partykeer belangriker as uitwendige parasiete weens die baie vleie en spruite op die plaas wat die bekampings van lewerslak belangrik maak.

James doseer sy beeste twee keer per jaar vir inwendige parasiete en vir bosluise. Dit is belangrik om op die uitkyk vir veral sponssiekte en longonsteking te wees. Hy behandel die beeste jaarliks vir spons-, lam- en miltsiekte. **LBW**

Deur ’n topgehaltekoei uit ’n byna uitgestorwe bloedlyn te koop, geniet die eienaar van die Sussex-elitekoei nou die voordeel van dié gesogte teellyn. Dié koei het reeds vir uitsonderlike nageslag gesorg.

Oor die jare heen het aandag aan detail seker die grootste verskil aan sy boerdery gemaak, sê mnr. James Stephen (67), voorheen sakeman en nou heeltydse boer. Sy Sussex-kudde se tussenkalfperiode (TKP) van 390 dae getuig daarvan.

James boer sedert 2009, nadat hy sy groentesaadmaatskappy Ferax Saad verkoop het. Toe het hy die plaas Graskop tussen Warden en Vrede gekoop om met Sussex-beeste te boer en geharde veldbulle te teel.

Hy het die Sussex-Elitekoei, GA 07/103, in 2011 met haar pasgebore, tweede kalf by die destydse Mampudi Sussex-stoetery van Marquard gekoop. Daarna het sy nóg ses kalwers grootgemaak en is reeds weer met haar negende kalf dragtig. Ses van haar agt kalwers was verse, waarvan vyf in sy stoetery opgeneem is.

Wat James die meeste van haar beïndruk, is die feit dat haar nageslag meer as net goed

BO: Die Elitekoei, GA 07/103. Sy spog ná agt kalwers met ’n baie goeie tussenkalfperiode van 379 dae. FOTO’S: CHARL VAN ROOYEN

INLAS: Mnr. James Stephen

PLAASINLIGTING

LIGGING: Warden, Vrystaat

NAAM: Graskop

EIENAARSKAP: Maatskappy

VERTAKKINGS: Sussex-stoetery

VELDTIPE: Hoogliggende suurveld

LEKKE: Sout-fosfaatlekk in die somer en ’n winterlekk

GEMIDDELDE REËNVAL: 680 mm



ELITEKOEI-INLIGTING

Geboortedatum	24 Augustus 2007
Ouderdom met eerste kalf	33 maande
Tussenkalfperiode	379 dae
Getal kalwers	8
Teelwaarde-indeks vir geboorte (direk)	96
Teelwaarde-indeks vir geboorte (maternaal)	103
Teelwaarde-indeks vir speen (direk)	108
Teelwaarde-indeks vir speen (maternaal)	105
Koeiwaarde-seleksie-indeks	113
Gemiddelde speenindeks	106

genoeg vir stoelteling is. Hulle het intussen gewys hulle teel nét so goed soos hul ma en het reeds ’n paar veilingsbulle gelewer.

➤ NAVRAE: Mnr. James Stephen, e-pos: **27824940015@vodamail.co.za**; sel **082 494 0015**.